Die Val van Lucifer



Open 12:4 en sy stert het die derde van die sterre (demone) van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak (Lucifer) het gestaan voor die vrou (Israel) wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het.

DIE VAL VAN LUCIFER

Luk10:18 Toe sê Hy "JESUS" vir hulle: **Ek het die Satan soos 'n** bliksem uit die hemel sien val. (Derde Hemel)

Die drie magtige engele, volgens die Bybel, was dan Gabriël, Mígael en Lucifer - elkeen met 'n derde van die engele onder sy beheer. Lucifer kom in opstand teen God (W0u die orde van GOD omswaai van dien na heers) saam met die derde van die engele onder sy beheer, en "val soos 'n bliksem uit die hemel."

Hierdie hemelse wesens is van tweërlei aard: heilige engele en gevalle engele. Die heilige engele word God se dienaars genoem (Heb 1:14 Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie?) Die goddelose gevalle engele word "bose geeste" genoem. Hierdie bose geeste bewoon die atmosfeer rondom die aarde en, as die vyande van God, is hulle op aarde bedrywig om die Evangelie te weerstaan, die sondaars te mislei en die heiliges van God te dwarsboom.

Wie is Lucifer werklik?

Die gemiddelde persoon assosiëer die naam "Duiwel" met 'n aaklige monsteragtigheid, 'n venynige wreedaard met 'n boosaardige voorkoms, skerp ore, gesplete oë, diere pote, mikvormige stert, horings en 'n gehoekte drie tandvurk; kortliks, 'n uiters afstootlike en skrikwekkende kreatuur. Maar hierdie prentjie is totaal misleidend en is die uitvloeisel van die Duiwel se eie skema van misleiding. Dit is 'n heidense bygeloof en indien Satan werklik so gelyk het, sou hy niemand kon flous nie.

Hierdie voorstelling is vir die Duiwel uiters aanneemlik, aangesien dit mense onverhoeds oorval wanneer hy as 'n engel van die lig te voorskyn tree.

2 Kor 11:14 En geen wonder nie! Want die Satan self verander **hom in 'n engel van die lig.**

Dit is veral opmerklik hoe die gedrukte en elektroniese media (onder andere videospeletjies, speelgoed en televisieprogramme) fokus op die uitbeelding van demoniese bose wesens. Sommige kinders raak verslaaf daaraan. Terwyl sommige opvoedkundiges dit as onskuldige "kinderfantasie" afmaak, 'n standpunt verwelkom deur die duiwel. Sommige mense ag dit wys om so min moontlik van Satan te weet, of die bestaan van Satan te verwerp. Die Skrif ag dit nodig om vir ons baie inligting oor Satan en sy ryk van duisternis te gee. Sedert hy sy "intog" in die lewensfeer van die mens gemaak het in Genesis 3 totdat hy in Openbaring 20 hardhandig uit hierdie wêreld gehelp word, speel hy so 'n belangrike rol in die wêreld dat hy die "god van die wêreld" genoem word (2Kor 4:4) Mense wat nie die bestaan van die duiwel wil erken nie, kan net sowel die waarheid van die Bybel in die geheel bevraagteken.

Die koms van JESUS na die aarde en SY verlossingswerk aan die kruis sou geen sin gehad het as daar nie 'n bose en sondige mag was waarvan die mens verlos moes word nie.

Dit is natuurlik die een ding wat die duiwel die graagste wil hê: dat die mens sy bestaan moet bevraagteken. Dit is tipies van die duiwel om so lank moontlik anoniem te bly. Die terroris, misdadiger en indringer wil graag so lank as moontlik onbekend en ongeïdentifiseer bly; dit maak sy bose aktiwiteite baie makliker.

Die duiwel en sy demone is nie maar net 'n onpersoonlike bose mag nie. Soos met die engele, is die duiwel en sy demone persone met bose persoonlikhede, al het hulle nie self liggame van vlees en bloed nie. Alhoewel hulle begerig is om menslike liggame te betrek. Dink ons aan Legio van Gadara uit wie Jesus 6,000 duiwels uitgedryf het - in 2,000 varke Mark 5:1-20. ['n Legioen het bestaan uit 6,000 Romeinse soldate in die tydperk van Jesus.]

In Jesaja 14 en Esegiël 28 word daar onderskeidelik oor die konings van Babel en Tirus gepraat. Verskeie uitdrukkings uit hierdie gedeeltes verwys oënskynlik ook na iemand anders. Ons kyk nou na die tradisionele siening van die val van Satan. Hy was aanvanklik 'n engel - om presies te wees 'n gerub (Eseg 28:14) Hy was blykbaar een van die vernaamste, indien nie die belangrikste engel van God nie. Dit kan uit die volgende afgelei word. Eerstens word hy die "môrester" genoem(Jes 14:12). Engele word verskeie kere in die Bybel "sterre" genoem. Die môrester is die helderste en blinkste van alle sterre. Die

môrester (Venus) is vroeër 'n ander naam genoem. " Lucifer." Die Kings James - vertaling van die Bybel het " môrester " in Jesaja 14 met hierdie naam vertaal, en dit het een van die bekendste name van Satan geword.

Hoogmoed was die oorsaak van sy val.

Verder dui die woorde waarmee die Here hom in Esegiël 28:12 beskryf, sy vroeëre volmaaktheid aan: Jy was 'n seëlring van ewerediheid (dit kan dan vertaal word met "voorbeeld van volkomenheid" of "volkome van gestalte", vol wysheid en volmaak in skoonheid. Van al God se engele was Lucifer blykbaar die meesterstuk. Aan die basis van Lucifer se val lê hoogmoed. "Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid" (28:17) Dit is dan skynbaar die rede waarom God so 'n geweldige afkeer het in hoogmoed. (Jak. 4:6 ; 1 Pet 5:5) Wat 'n geweldige groot sonde!!! En jy "Lucifer" het in jou hart gesê : Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die NOORDE. Jes 14:13. [Die derde of hoogste hemel. 2 Kor 12:2 (b) - dat so iemand weggeruk is tot in die derde hemel.]

Jes 14:14 Ek wil bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die ALLERHOOGSTE !

As vrye morele wese het hy oor n vrye wil beskik. Hy wou nie meer voortbestaan in die hoedanigheid wat God hom geskape het, naamlik om te dien nie. Nee, hy wou heers, hy wou self god word. Hy wou die orde van God omswaai van dien na heers, wat dan sy val veroorsaak het. Luk 10:18 Toe sê Hy (JESUS) vir hulle: Ek het die Satan soos n bliksem uit die hemel sien val.

Sedert hy uit die hemel verdrywe is, spesialiseer hy daarin om die kinders van die Here gedurigdeur aan te kla by God.

Job 1:6 En op 'n dag toe die seuns (engele) van God kom om hulle voor die HERE te stel, het die Satan ook onder hulle gekom.
Job 1:7 Toe vra die HERE vir die Satan: Waar kom jy vandaan? En die Satan antwoord die HERE en sê: Van 'n swerftog oor die aarde, wat ek deurkruis het.
Job 1:8 En die HERE vra vir die Satan: Het jy ag gegee op my kneg Job? Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: 'n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad.
Job 1:9 En die Satan antwoord die HERE en sê: Is dit verniet dat Job God vrees?
Job 1:10 Het U nie self hom en sy huis en alles wat hy het, aan alle kante rondom, beskut nie? Die werk van sy hande het U geseën, en sy vee het sterk vermeerder in die land.
Job 1:11 Maar strek net u hand uit en tas alles aan wat hy het—waarlik, hy sal U in u aangesig seën!
(Ook Job 2:1-6)

Sag 3:1 Daarna het Hy my Josua, die hoëpriester, laat sien, terwyl hy voor die Engel van die HERE staan, en die Satan aan sy regterhand staan om hom aan te klae.

Open 12:10 Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy(Satan) wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag.

Ingeboude Musiek Instrumente

Dit blyk dan ook of Lucifer afrigter van die enlgele kore was, met ingeboude musiekinstrumente.

Eseg 28:12 Mensekind, hef 'n klaaglied aan oor die koning van Tirus (Lucifer), en sê vir hom: So spreek die Here HERE: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid.
Eseg 28:13 Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag;

en van goud was die werk van jou kassies en groewe (musiek instrumente) aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei.

Eseg 28:14 Jy was **'n** gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes.

Eseg 28:15 Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is.

Eseg 28:16 Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig; daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gérub wat beskut!

Eseg 28:17 Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp, Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op jou neer kan sien.

Eseg 28:18 Weens die menigte van jou ongeregtighede, deur die onreg van jou koophandel, het jy jou heiligdomme ontheilig; daarom het **Ek 'n vuur uit jou binneste laat uitgaan**; dit het jou verteer, en Ek het jou tot as gemaak op die aarde voor die oë van almal wat jou gesien het.

Eseg 28:19 Al jou bekendes onder die volke is ontsteld oor jou; jy het **'n verskrikking** geword en sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie.

Neergewerp

Jes 14:9 Die doderyk daaronder is in beroering om jou ontwil, jou koms tegemoet; dit wek om jou ontwil die skimme op, al die bokke van die aarde; dit laat al die konings van die nasies van hulle trone opstaan.

Jes 14:10 Hulle hef almal aan en sê vir jou: Ook jy (Lucifer)het kragteloos geword soos ons; jy het soos ons geword.

Jes 14:11 Jou trots is neergewerp in die doderyk, die geruis van jou harpe; **onder jou is wurms as 'n bed gesprei**, en maaiers is jou bedekking.

Jes 14:12 Hoe het jy (Lucifer) uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies!

Jes 14:13 En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. (Derde Hemel of Hoogste Hemel)

Jes 14:14 Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!

Vandag word Lucifer vereer met musiek wat nie van God is nie, op die dansbane, disco's, met popmusiek, "heavy metal", "hip hop", ens.

Amos 6:5 Wat liedjies sing met begeleiding van die harp, wat net soos Dawid vir hulle musiekinstrumente uitdink!

In die "Rolling Stone Magazine" van 12 Feb 1976 het Dawid Bowie gesê:

"Rock has always been THE DEVIL'S MUSIC . . . I believe rock and roll is dangerous . . . I feel we're only heralding SOMETHING EVEN DARKER THAN OURSELVES."

Soos wat Rock musiek in 1976 die duiwel se musiek was, is dit vandag nog steeds die duiwel se musiek, maak nie saak watter 'voorvoegsel' ons daaraan heg nie. Die woord 'Christian' maak dit nie nou skielik die HERE se musiek nie. Dit is en bly ROCK!

AC/DC:

Een van die gewildste groepe in Rock is AC/DC. In die lied, "*Hells Bells*", sing hulle:

"I got my bell
I'm gonna take you to hell
I'm gonna get Ya SATAN GET YA"

In hul lied "*Highway to Hell*" sing hulle:

"Ain't nothing I would rather do
GOIN' DOWN, PARTY TIME
My friends are gonna be there too . . .
Hey Satan, paid my dues . . .
I'm on the way to the promised land
I'm on the HIGHWAY TO HELL."

Amos 5:23 Verwyder van My die geraas van jou liedere! En na die geluid van jou harpe wil Ek (GOD) nie luister nie.

NAME, TITELS en SIMBOLE VAN SATAN !!!!!!

(1) SATAN = Teëstander, en beskryf sy bose, volhardende pogings

om God se wil en doelwitte te verydel.

(2) DUIWEL = Dit beteken letterlik aanklaer, kwaadspreker of lasteraar. Dit verwys na n groot deel van sy werksaamheid.

(3) SLANG = Openbaring 20:2 noem hom "die ou slang wat die duiwel en Satan is". Waarskynlik is hy so genoem omdat hy die mens die eerste keer deur middel van n slang of in die vorm van n slang verlei het. Dit is beskrywend van sy listigheid.

(4) LUCIFER = Hierdie benaming is afgelei van die Hebreeuse woord wat met "môrester" vertaal word. Dit kan ook die "skynende een" beteken. Die benaming kom net voor in Jesaja 14:12 en word in die vers verder omskryf met die benaming "seun van die dageraad". Hierdie naam dui op die besondere aard van sy skepping en sy posisie voor sy rebellie as waarskynlik die voortreflikste van God se engele. Na sy val word hy nooit weer so genoem nie. In Opb 22:16 noem Jesus Homself "die blink môrester.

(5) BEëLSEBUL = "god van die vlieë" of "god van die mishoop". Die Fariseërs noem Beëlsebul self "die owerste van die duiwels". Jesus gebruik hierdie naam vir Satan in Matteus 10:25 en 12:27 en Markus 3:22.

(6) BELIAL = Hierdie naam van Satan kom net eenkeer voor, naamlik in 2 Korintiërs 6:15. Dit kom van die woord wat "nutteloos" of "waardeloos" beteken. Ons sou dit ook kan vertaal met "nuksnut". Dit dui egter nie net op die afwesigheid van die goeie nie, maar op die aanwesigeid van boosheid. Ook die wettelose genoem.

(7) DRAAK; Opb 13:4, 12:3,4,7,9,13,16,17 20:2 { T - HEMDE met DRAKE word gedra, n oop deur vir Satan in jou lewe. Mense skend hulle liggame met "DRAAK - Tatoeëring" }Lev 19:28.God verbied ingeprikte tekeninge in vel.

Benewens bovermelde word Satan ook nog n hele paar ander name in die Bybel genoem: versoeker (Matt. 4:3); vyand (Matt 13:39); die Bose (Matt 6:13); Mensemoordenaar (Joh 8:44); Leuenaar (Joh 8:44), die vader van die leuen (Joh 8:44); owerste van hierdie wereld (Joh 12:31); god van hierdie wêreld (2 Kor 4:4); die een wat homself as 'n engel van die lig voordoen (2 Kor 11:14); die groot draak (Opb 12:9); die aanklaer van die broeders (()pb 12:10); Owerste van die duiwels

(Matt 12:24); Leviátan (Jes 27:1); Brullende leeu (1 Pet 5:8); Leeus en Adders (Ps 91:13); Voëls en die Bose (Matt 13:4&19); Slange en Skerpioene (Luk 10:19); Wolf (Joh 10:12); Voëlvanger (Ps 91:3)

KARAKTERTREKKE VAN SATAN

Sy name en titels is beskrywend van sy ware karakter.

1. Hy is die vyand van alles wat goed is en die beskuldiger van God en die mens. (Matt 13:28//Open 12:9)
2. Hy is 'n mensemoordenaar en die vader van die leuens. (Joh 8:44)
3. Hy is die saaier van 'onkruid' (Matt 13:39)
4. Die teëstander van die mens. (1 Petr 5:8&9)
5. Die eerste sondaar. (Jes 14:12-14// 1 Joh 3:8)
6. Hy is lafhartig. (Jak 4:7)
7. Hy is die versoeker. (Matt 4:1-11)
8. Hy is 'n dief. (Joh 10:10)
9. Hy is sonder beginsels en oorval en verlei mense in 'n oomblik van swakheid. (2 Kor 11:3)
10. Hy is 'n bedrieër. (Open 20:10//2 Kor 4:4)
11. Hy is wreed. (Luk 9:29)
12. Hy is agressief. (1Pet 5:8)

Satan was nooit bekend as genadig, goed, liefdevol, sagmoedig, medelydend, geduldig, ens, vandat hy die vyand van God en die mens geword het nie. Die haat teen die mens wat na die ewebeeld van God geskape is.

LUCIFER DEUR JESUS "UITGEKLEE"

Voor die kruisiging van Jesus, het Lucifer mag oor die dood gehad en sy krag was "Dunamis" = ongehinderde mag.
1 Joh 3:8 (b) Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke { Dunamis} van die duiwel te verbreek.
Vers 10 (a) Hierin is die kinders van God en die kinders van die duiwel openbaar.
Heb 2:14(b) ... sodat Hy (Jesus) deur die dood hom (Lucifer) tot niet kon maak wat mag oor die dood het - dit is die duiwel.
Kol 2:15 nadat Hy (Jesus) die owerhede en magte UITGEKLEE en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.

"UITGEKLEE" van n koning in die Romeinse tyd; Wanneer n land ingeneem word in die Romeinse tyd word die koning van die betrokke land totaal ontklee as vernedering, op n strydwa geplaas en deur sy stad vervoer as bewys dat sy land ingeneem is en n koning het geval.
Dit is dus Paulus se verduideliking hier hoedat Jesus Lucifer uitgeklee het, totaal gestroop het. Lucifer se krag nou is "EXOUSIA". Net wat ons hom toelaat. Luk 9:1(b) en aan hulle (Die kerk) mag en gesag gegee oor al die duiwels. Hand 1:8 En julle"Die kerk" sal krag"DUNAMIS) ontvang.

WAAROM DULD GOD HOM NOG OP DIE AARDE?

1. Om die karakter en die geloof van die gelowige op te bou:
   Jak 1:12 Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet.
   1Pet 5:9 Hom (julle teëstander die duiwel) moet julle teëstaan, standvastig in die geloof, omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is.
   Jud 1:20 Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid.

2. Om die gelowige nederig te hou:
   2Kor 12:7 En dat ek my oor die voortreflikheid van die openbaringe nie sou verhef nie, **is my 'n doring in die vlees gegee, 'n** engel van die Satan, om my met die vuis te slaan, dat ek my nie sou verhef nie.

3. Sodat daar 'n stryd vir die gelowige hier op aarde kan wees waarvoor hy beloon kan word, as hy oorwin:
   1Joh 2:13 Ek skryf aan julle, vaders, omdat julle Hom ken wat van die begin af is. Ek skryf aan julle, jongmanne, omdat julle die Bose oorwin het. .....
   1Joh 4:1 Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.
   Gelowiges moet OORWIN om die sewe oorwinningslone van Openb 2 en 3 te kan ontvang.

4. Om die krag en mag van GOD oor dié van die vyand uit te wys:

Mar 16:17 En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek,
Mar 16:18 slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.
1Kor 4:9 Want dit lyk vir my dat God ons apostels die laaste plek aangewys het as tot die dood veroordeel; want ons het 'n skouspel geword vir die wêreld, vir die engele sowel as vir die mense.
Efes 3:10 sodat nou deur die gemeente aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word,

5. Om Satan te gebruik om mense te beproef sodat hulle tot bekering kan kom:
1Kor 5:5 om so iemand aan die Satan oor te lewer tot verderf van die vlees, sodat die gees gered kan word in die dag van die Here Jesus.
2Kor 2:10 Aan wie julle iets vergewe, vergeef ek ook; want wie ek ook vergeef het—as ek iets vergeef het—dit was om julle ontwil voor die aangesig van Christus, sodat ons nie deur die Satan bedrieg sou word nie;
2Kor 2:11 want ons is met sy planne nie onbekend nie.

ONS WORSTELSTRYD TEEN DIE BOSE GEESTE IN DIE LUG!!!

(EERSTE HEMEL= ATMOSFERIESE, OF WOLKE HEMEL)

Efes 6:10 Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte.
Efes 6:11 Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.
Efes 6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die <u>bose</u> <u>geeste</u> in die <u>lug</u>.
Efes 6:13 Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.

Efes6:14 Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan,
Efes 6:15 en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede.
Efes 6:16 Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.
Efes 6:17 En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees—dit is die woord van God—
Efes 6:18 terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges

JESUS BEMAGTIG ONS OOR DIE BOSE MAGTE.

Luk 9:1 En Hy het sy twaalf dissipels saamgeroep en aan hulle mag en gesag gegee oor al die duiwels en om siektes te genees.
2Kor 10:3 Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie;
2Kor 10:4 want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp,
2Kor 10:5 terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus,
Efes 6:10 Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte.

Pligte van die Heiliges ten opsigte van Satan

Wanneer iemand weergebore is betree hy die realm van die bonatuurlike en geestelike. Hy moet begin om die Bybel intens te bestudeer en hom daarvan vergewis wat die Skrif leer, hoe hy moet wandel en optree in geestelike oorlogvoering.

1. Trek die volle wapenrusting van God aan:

Efes 6:11 Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.
Efes 6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.
Efes 6:13 Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring

het, staande kan bly.

Efes 6:14 Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan,

Efes 6:15 en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede.

Efes 6:16 Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.

Efes 6:17 En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees—dit is die woord van God—

Efes 6:18 terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges

2. Wees bekend met Satan se planne:

2Kor 2:11 want ons is met sy planne nie onbekend nie.

3. Gee aan hom geen plek nie:

Efes 4:27 en gee aan die duiwel geen plek nie. [Lees gerus maar die hele hoofstuk 4. Daar is baie maniere waarop ons aan Satan 'plek' kan gee in ons lewens.]

4. Weerstaan die duiwel:

Jak 4:7 Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.

1Pet 5:8 Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.

1Pet 5:9 Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof, omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is.

Heb 12:4 Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie.

5. Wees NUGTER en WAAKSAAM:

1Pet 5:8 Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.

6. Oorwin hom met die WOORD:

Matt 4:1-11 Jesus het hom oorwin deur die WOORD te gebruik toe HY hom weerstaan het.

1Joh 2:14 Ek het aan julle geskrywe, vaders, omdat julle Hom ken wat van die begin af is. Ek het aan julle geskrywe, jongmanne, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het.

7. Oorwin hom deur die bloed van JESUS en die WOORD van jou GETUIENIS:

Openb 12:11 En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.

8. Oorwin hom deur CHRISTUS en SY NAAM

Efes 1:19 en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte

Efes 1:20 wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele,

Efes 1:21 bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige.

Efes 1:22 En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee,

Mar 16:17 En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek,

9. Oorwin hom deur jou wedergeboorte en geloof:

1Joh 5:4 Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld[= die koninkryk van Satan] ; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.

1Joh 5:5 Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?

1Joh 5:18 Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie.

10. Oorwin hom deur die Heilige Gees:

Rom 8:9 julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie.

Rom 8:10 Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid.

Gal 5:16 Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie;

Gal 5:17 want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.

OPENBARING 12 - Ons Voorblad.

DIE VROU EN DIE DRAAK.

Openb 12:7 En daar het oorlog in die hemel (dit wil sê, in die lugruim, eerste hemel, daar bo in die wolke. Ná die weg-voering van die bruid van Christus.) gekom: Mígael en sy enge-le het oorlog gevoer teen die draak (Lucifer), en die draak en sy engele het oorlog gevoer;

Openb 12:8 en hulle (Lucifer en sy engele) kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel (lugruim) nie meer te vinde nie.

Openb 12:9 En die groot draak(Lucifer) is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp.

[Open 12:4 en sy stert het die derde van die sterre (gevalle engele) van die hemel (eerste/atmosferiese hemel) meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het.]

Dis die eerste stap na die groot gapende afgrond(Abussos opb 20:1-3) waarheen hy en al sy volgelinge later verban word. Satan is dan nog nie in die hel nie. Die oordeel lê nog as 'n gevreesde en verskriklike gebeurtenis voor. Toe Jesus die besetene van Gádara van die bose geeste verlos het, het hulle uitgeroep: Mat 8:29 En meteens skreeu hulle en sê: Wat het ons met U te doen, Jesus, Seun van God? Het U hier gekom om ons voor die tyd te pynig?

Dit is dus huidiglik nog vir die duiwel en sy engele 'n tyd van vrye beweging, soos die arme mensdom ook maar alte goed weet uit ondervinding.

Job 2:2 Toe vra die HERE vir die Satan: Waar kom jy vandaan? En die Satan antwoord die HERE en sê: Van n swerftog oor die aarde, wat ek deurkruis het.

Job 2:3 En die HERE vra vir die Satan: Het jy ag gegee op my kneg Job? Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: **'n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die**

kwaad; en hy volhard nog in sy vroomheid, alhoewel jy My teen hom opgehits het om hom te vernietig sonder oorsaak.
Job 2:4 Toe het die Satan die HERE geantwoord en gesê: Huid vir huid, en alles wat iemand het, sal hy gee vir sy lewe;
Job 2:5 maar strek net u hand uit en tas sy gebeente en sy vlees aan—waarlik, hy sal U in u aangesig seën!
Job 2:6 En die HERE sê aan die Satan: Kyk, hy is in jou hand; spaar net sy lewe.

1Pet 5:8 Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos **'n** brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.

Die Hel is deur God gemaak vir die duiwel en sy volgelinge. Ons lees in Matt 25:41 Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat bereï is vir die duiwel en sy engele. As die mens daarheen gaan, is dit slegs omdat hy dwaas genoeg is om na die Satan te luister.

En wat maak Satan daar bo in die lugruim?

Hy bring dag en nag beskuldigings in teen die uitverkorenes van God.
Sag 3:1 Daarna het Hy my Josua, die hoëpriester, laat sien, terwyl hy voor die Engel van die HERE staan, en die Satan aan sy regterhand staan om hom aan te klae.
Sag 3:2 Toe sê die HERE aan die Satan: Mag die HERE jou bestraf, o Satan! Ja, mag die HERE, wat Jerusalem verkies het, jou bestraf! **Is hierdie een nie 'n brandhout wat uit die** vuur geruk is nie?
Ons sien hom ook in die rol van beskuldiger teen die vrome Job. So probeer Satan om God op te hits teen Sy uitverkorenes. In die lig hiervan sien ons wat die diepere betekenis is van Rom 8:33 Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God?..... Die aanklaer en beskuldiger is die Satan! Luister na die lied wat die bruid van christus eenmaal sal sing wanneer die sataniese magte uit die lug gewerp sal wees: Openb 12:10 . .....: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag.

Na die wegvoering van die bruid sal die Satan in 'n besondere sin op die aarde wees - hy en sy hele gevolg van bose geeste. Dán sal daar geen toegang vir hom tot God wees nie, en die vryheid wat hy nou gebruik, om God se uitverkorenes aan te kla, word hom vir ewig ontsê. Ons kan goed verstaan dat dit hom met groot woede vervul: Openb 12:12 Daarom, wees verheug, o hemele (die derde hemel - ons ewige tuiste) en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het.

Die feit dat hy min tyd het om sy verwoestingswerk voort te sit, sal sy woede vermeerder. Satan sal voortgaan om die mensdom die grootste leed en droefheid aan te doen. Regerings sal magteloos wees, daar sal geen lewens- en eiendomsveiligheid wees nie. 'n Chaos van die ergste aard sal geskep word. Dan sal die magte van die hel vir 'n klein rukkie seëvier, en ongeregtigheid sal die aardbodem soos 'n swart watervloed oordek. God sal dan nog steeds die mag hê om Satan teë te hou indien Hy wil, maar Hy sal die Satan toelaat om vrye teuels te hê, sodat die dwase mense wat Jesus se genade aanbod in die welaangename tyd verag het, kan ondervind wat dit beteken om in 'n wêreld te leef waar die sataniese magte onbeteueld hoogty vier.

Open 12:13 En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou (Israel) vervolg wat die seuntjie gebaar het; (seuntjie = 144,000 Jode (Dake's Bible), wat die Evangelie gaan vekondig in die verdrukkingstydperk. = [Open 7: 1-8 - twaalfduisend uit elk van die twaalf stamme.] Open 14:1 En ek het gesien, en kyk, die Lam (jESUS) staan op die berg Sion, en saam met Hom (jESUS) honderd vier en veertig duisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe. Open 14:2 En ek het ‘n geluid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van ‘n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van siterspelers wat speel op hulle siters.

Open 14:3 En hulle het ‘n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd vier en veertig duisend wat van die aarde vrygekoop is.)

Wanneer die Antichris in die tempel gaan sit en slagoffer en spysoffer

laat ophou, en die sewejaar-verbond word verbreek, besef die Jode dat vlug nou die enigste uitweg is.

Open 12:14 maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou (Israel) gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek (Petra in moderne J0rdanië), kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang (duiwel) onderhou word, '**n tyd (1 jaar) en tye (2 Jaar) en 'n** halwe tyd(6 maande). (drie en 'n half jaar lank.)

Hierdie *vrou* het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is. { Hierdie vrou is nie die Bruid van Jesus }

Kom ons kyk nou na Dan 11:41 Hy (Antichris) sal ook kom in die Pragtige Land (Israel), en baie sal struikel; maar hierdie volke sal uit sy (Antichris) hand vryraak: Edom (die gebergte Seïr-Sinai) en Moab (Jordanië) en die beste deel van die kinders van Ammon (Aman is die hoofstad van Jordanië). Reg in die middel van hierdie drie "vrystede" is 'n plek met die naam van PETRA. In hierdie rooi-rotsagtige berge met sy nou ingang, het S.G.M. (Scripture Gift Mission) duisende Nuwe Testamentjies in sellofaan toegedraai en in die verlate spelonke weggesteek - reg vir die dag wanneer Israel daarheen gaan vlug.

Open 12:15 En die slang het uit sy bek water soos 'n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier.

Open 12:16 En die aarde het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het.

Open 12:17 En die draak (duiwel) was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.

SATAN 1000 JAAR GEBIND- (VREDERYK)

Die doel van die duisendjarige vrederyk van Christus, is om alle rebellie te onderdruk, maar die finale vernietiging van Satan en sy magte aan die einde van die millenium sal hierdie ou aarde eers weer geheel en al vry maak van alle rebellie.

Open 20:1 En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand.

Open 20:2 En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank,

Open 20:7 En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word;
Open 20:8 en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see.

Open 20:9 En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind

Die verdoeming van Satan is reeds voorspel in Gen 3:15 En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy[JESUS] sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

Dit word dan volbring in 3 fases:
(1) Joh 19:30 En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee.
Kol 2:14 en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael,
Kol 2:15 nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.

(2) Open 20:1 En ek het ‘n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en ‘n groot ketting in sy hand.
Open 20:2 En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank,
Open 20:3 en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan ‘n kort tydjie ontbind word.

(3) Open 20:7 En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word;
Open 20:8 en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see.
Open 20:9 En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van

God uit die hemel neergedaal en hulle verslind.
Open 20:10 En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

LUCIFER SE EINDBESTEMMING - DIE HEL

Open 20:10 En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet (reeds 1,000 jaar) is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

Bewyse dat iemand 'n kind van Satan is.

(DAKE'S ANNOTATED REFFERENCE BIBLE !!)

1. Hulle wandel in duisternis.

1Joh 1:5 En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.
1Joh 1:6 As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie.
1Joh 2:11 Maar hy wat sy broeder haat, is in die duisternis en wandel in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie, omdat die duisternis sy oë verblind het.

2. Hulle sê hulle het geen sonde nie.

1Joh 1:8 As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie.
1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.
1Joh 1:10 As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.

3. Hulle hou nie GOD se gebooie nie.

1Joh 2:3 En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar.
1Joh 2:4 Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie.

4. Hulle wandel nie soos CHRISTUS gewandel het nie.

1Joh 2:6 Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.

5. Hulle is haatdraend.

1Joh 3:15 Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie.

1Joh 4:20 As iemand sê: Ek het God lief—en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie?

6. As hulle nie die Bose oorwin nie.

1Joh 2:13 Ek skryf aan julle, vaders, omdat julle Hom ken wat van die begin af is. Ek skryf aan julle, jongmanne, omdat julle die Bose oorwin het. Ek skryf aan julle, kinders, omdat julle die Vader ken.

1Joh 2:14 Ek het aan julle geskrywe, vaders, omdat julle Hom ken wat van die begin af is. Ek het aan julle geskrywe, jongmanne, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het.

7. As hulle die wêreld en die dinge van die wêreld liefhet.

1Joh 2:15 Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie.

1Joh 2:16 Want alles wat in die wêreld is—die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe—is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.

8. Wanneer hulle die gemeenskap van die Heiliges[kerk] verlaat.

1Joh 2:19 Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie.

9. Wanneer hulle die Waarheid ignoreer en GOD en JESUS ontken.

1Joh 2:20 En julle het die salwing van die Heilige en weet alles.

1Joh 2:21 Ek het nie aan julle geskrywe omdat julle die waarheid nie ken nie, maar omdat julle dit ken en omdat geen leuen uit die waarheid is nie.

1Joh 2:22 Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën.

1Joh 2:23 Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie.

1Joh 2:24 Wat julle dan van die begin af gehoor het, laat dit in julle bly. As in julle bly wat julle van die begin af gehoor het, dan sal julle ook in die Seun en in die Vader bly.

10. Wanneer hulle die ongeregtigheid doen.

1Joh 2:29 As julle weet dat Hy regverdig is, dan weet julle dat elkeen wat die geregtigheid doen, uit Hom gebore is.

1Joh 3:10 Hierin is die kinders van God en die kinders van die duiwel openbaar: elkeen wat die geregtigheid nie doen nie, is nie uit God nie, en hy ook wat sy broeder nie liefhet nie.

11. Wanneer hulle geen poging aanwend om hulself te reinig nie.

1Joh 3:3 En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.

12. Wanneer hulle sonde doen.

1Joh 3:8 Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.

1Joh 3:9 Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.

1Joh 5:18 Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie.

13. Wanneer hulle moord pleeg.

1Joh 3:12 nie soos Kain wat uit die Bose was en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig.

1Joh 3:13 Verwonder julle nie, my broeders, as die wêreld julle haat nie.

1J0h 3:14 Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet. Hy wat sy broeder nie liefhet nie, bly in die dood.

1Joh 3:15 Elkeen wat sy broeder haat, is ‘n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie.

1Joh 3:16 Hieraan het ons die liefde leer ken, dat Hy sy lewe vir ons afgelê het; en ons behoort ons lewe vir die broeders af te lê.

14. Hulle het geen liefde en empatie teenoor die mede mens nie.

1Joh 3:17 Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom?

1Joh 3:18 My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong

nie, maar met die daad en in waarheid.

15. Wanneer die Heilige Gees nie in hulle woon nie.

1Joh 3:24 En hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly aan die Gees wat Hy ons gegee het.

1Joh 4:4 Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is.

1Joh 4:13 Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het.

16. Hulle praat die taal van die wêreld.

1Joh 4:5 Hulle is uit die wêreld; daarom praat hulle uit die wêreld, en die wêreld luister na hulle.

17. Hulle het geen persoonlike kennis van GOD of die Ewige lewe nie.

1Joh 4:14 En ons het aanskou en ons getuig dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het.

1Joh 4:15 Elkeen wat bely dat Jesus die Seun van God is—God bly in hom, en hy in God.

1Joh 5:10 Wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself. Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat God aangaande sy Seun getuig het nie.

1Joh 5:11 En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun.

1Joh 5:12 Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.

1Joh 5:13 Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.

1Joh 5:20 En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe.

1Joh 5:21 My kinders, bewaar julleself van die afgode. Amen.

18. Hulle bely Jesus nie voor ander mense nie.

1Joh 4:14 En ons het aanskou en ons getuig dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het.

1Joh 4:15 Elkeen wat bely dat Jesus die Seun van God is—God bly in hom, en hy in God.

1Joh 4:16 En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom.
1Joh 4:17 Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld.
1Joh 4:18 Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.
1Joh 4:19 Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.

19. Hulle is oorwin deur die wêreld.
1Joh 5:4 Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.
1Joh 5:5 Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?

20. Hulle het GOD nie lief nie.
1Joh 5:1 Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die een lief wat uit Hom gebore is.
1Joh 5:2 Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar.
1Joh 5:3 Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie.

The Lost Boy

Once a little boy was lost in the woods. The alarm was sounded; a church meeting broke up; the whole congregation and neighborhood responded. Fishermen abandoned their nets and merchants closed their shops. Plows were left in the field and washing in the tub. Everyone turned out to hunt for the little fellow. There was a feverish haste. The night was dark and harm might befall the little fellow. After hours of search, he was found, and oh, the joy that was felt because of the rescue!

Today that boy is grown. He is lost again! But none seem to care. Mom and Dad are busy with other things. The church does not seem to care. No alarm is sent out. Yet, a far worse fate awaits him now. You see, he is now lost in sin! Do we really care? Enough to do something?

Bronnelys; DAKE'S ANNOTATED REFFERENCE BIBLE !!!

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \ Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die hemel en die hel is daar 'n kloof—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die hemel en die aarde is daar ook 'n kloof—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die bloed van Jesus Christus. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. \Hand 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 –**.....maak jou klaar om jou God te ontmoet,.. "MARANATA=JESUS KOM SPOEDIG TERUG !**

Saamgestel deur: Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

Tel/Fax (o44) 696-5891
E-pos: konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!

As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom,** het jy alles verloor.